# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

***Posbus 1989 Tzaneen 0850***
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 539*
***Sekretaris*** *(Cornel Maré): Tel: 082-922 6882* ***Ondervoorsitter*** **Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**e-mail :** cornelm@ppecb.com **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

## Notule van die bestuursvergadering op 3 Mei 2007

**1.Opening en verwelkoming:**

1.1 Marius van Rensburg open die vergadering met gebed.

1.2 Dawie van Vuuren tree op as voorsitter en verwelkom almal teenwoordig

**2.Doelstellings:**

2.1 Die doelstellings word nie voorgehou nie en staan oor tot die volgende vergadering.

2.2 Daar word voorgestel dat 'n bord met die doelstellings opgesit word binne die klubhuis. Voorstel word gesekondeer.

**3.Teenwoordig:**

| | |
|---|---|
| Bestuur: | Dawie van Vuuren |
| | Chris de Wet |
| | Cor Olivier |
| | Johan Ehlers |
| | Marius van Rensburg |
| | Hansie Botha |
| | Carel Buitendag |
| | Dawie Botes |
| | Ivy Iveson |
| | Johnny Rech |
| Lede: | Renier van der Merwe |
| | Wally van Dyk |
| | H.D Erasmus |
| | Rob du Plessis |
| | Dewald vd Walt |
| | W.S Boshoff |
| | Rina Mac Donald |
| | B Williams |

**4.Verskonings:**

| | |
|---|---|
| Bestuur: | Abel Botha |
| | Mike Gamba |
| | Cornel Mare |
| | Walt Katske |
| | Andre Le Grange |
| Lede: | Geen |

**5. Lief en Leed**

5.1 Gelukwensing aan Cornel Mare wat onlangs getroud is.

5.2 Marius v Rensburg word gelukgewens met sy seun wat eerste gekom het op die SA's met 'n spiesgooi afstand van 65m.

5.3 Beterskap word gewens aan Oom Pietie du Plessis wat in die hospitaal is met sy verswakte gesondheid.

5.4 Meelewing met Chris van Paintpot se familie met sy afsterwe in 'n motor ongeluk.

5.5 Gelukwensing aan Cor Olivier wie se seun erekleure in atletiek verwerf het.

**6.Vorige notule:**

Die vorige vergadering se notule is nie gereed vir goedkeuring nie. Sal voorgehou word by die volgende bestuursvergadering.

**6.1.Sake voortspruitend uit die vorige notule**

Geen

**6.2.Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Staan oor.

**7.Vastelling van die agenda:**

Die volgende punte word by die agenda gevoeg vir bespreking:

21.1 Advertensie bord
21.2 Sluit van onderste hek
21.3 Aankoop van Proxima

**8.Finansies:**

8.1 Die maandelikse finansieële staat word voorgehou maar het verskeie verkeerde inskrywings en kon nie betyds reggestel word nie.

8.2 Die volgende is 'n raming van die bank balans soos op hede:

| | |
|---|---|
| Tjek Rekening: | R10 500 |
| Kroeg rekening: | R 6 172 |

8.3 Gerda Esterhuizen sal in die toekoms die inkomste / uitgawe state opstel om uit te deel by die maandelikse vergaderings om druk van Cor te verlig.

**9.Nuwe Lede:**

Die volgende persone word voorgestel as nuwe lede.

9.1 Kallie van der Schyff (van PG Glass) en sy seun Tjaart. - Goedgekeur

9.2 James Edwards (Chris se skoonseun) – Goedgekeur

9.3 Ernst Faber – Goedgekeur

9.4 Jacques Coetzee – Goedgekeur

9.5 Chris Mahowa – Goedgekeur

9.6 E.R Shandlale – Laat oorstaan

**10.Klubhuis & skietbaan gronde:**

**10.1.Arbeid**

10.1.1 Uitslag is ontvang vanaf die CCMA rakende die klag wat deur David Rashapola aanhangig gemaak is. Die klub is van alle skuld vrygestel op die aanklag.

10.1.2 Oom Daan sal in die toekoms in die kroeg uithelp. Daar is besluit dat 10% van die bruto wins aan hom betaal sal word. Hy sal dan ook verantwoordelik wees vir die voorraad beheer. Oorhoofse beheer en aankope steeds deur Dawie van Vuuren

**10.2.Klubhuis:**

10.2.1 CTM het 15m² teëls geborg om die voetenent van die kroeg toonbank te teël. Sal verder met hulle opgevolg word deur Dawie van Vuuren.

10.2.2 Daar is besluit dat bestuurslede nie meer as een IOU by die kroeg mag hou nie. Sodra die dranklisensie in plek is sal die praktyk heeltemal gestaak word.

10.2.3 ‘n Persoon van die SABS het ‘n skietbaan inspeksie gehou en die baan is weer goedgekeur. Die jaarlikse koste hiervoor beloop R4000.

10.2.4 Fanus Schoeman het ‘n lugversorger van 25BTU geskenk en sal ook installer. Daar is besluit dat daar gekyk moet word om die stroombreker te vergroot aangesien die krag geneig is om uit te skop. Daar is ‘n moontlikheid dat nog ‘n 36 BTU lugversorgingseenheid bekom kan word, maar arbeid word benodig om dit te gaan haal. Ivy het die kontak detail hieroor.

**10.3.Dranklisensie:**

Die drankraad sit eers weer aan die einde van Mei. Die lisensieaansoek is tans by hulle vir goedkeuring.

**10.4.SA seta:**

‘n Vergadering word gereël vir eerskomende Maandag aan huis van Johnny Rech rakende die kontrak met Jimmy Mc Nicol. Die volgende persone moet bywoon; Johnny, Chris, Carel en Dawie. Die uiteinde van die bespreking sal aan die volgende bestuursvergadering oorgedra word.

**10.5.Chasa:**

Geen bespreking

**11.Skietdae:**

Eerskomende Saterdag is ‘n Chasa skietdag soos dit verskyn op die kalender.
Die volgende persone sal optree as baanoffisiere:

| | |
|---|---|
| Hoof baanoffisier | - Johnny Rech |
| Hoofbaan 100m en 200m | - Johnny Rech, Marius van Rensburg en Carel Buitendag |

| | |
|---|---|
| Handwapen | - Johan Ehlers en Ivy Iveson |
| Inskrywings | - Rob du Plessis |

**12.Opleiding:**

Geen bespreking

**13.Kleiduif:**

‘n Kleiduif skietdag word beplan vir 18 Augustus 2007. Daar word versoek dat verskeie spanne saamgestel word om teen mekaar te kompeteer. Sal weer opneem met vergadering voor die skietdag.

**14.Boogjag:**

Geen bespreking

**15.Handwapenjag:**

Geen bespreking

**16.Buskruit:**

Daar word besluit dat ons eie skiet skedule en reels opgestel sal word om bevoegdheid te toets. Hansie Botha sal ondersoek instel.

**17.Windbuks:**

Geen bespreking

**18.Jag geleendhede**

18.1 Daar word versoek dat as jaggeleendhede uitgegee word, dat daar eers met die betrokke person wat die geleendheid voorgehou het te praat en nie direk met die grondeienaar te onderhandel nie.

18.2 Dawie van Vuuren het ‘n jagnaweek bespreek vir 12 – 15 Julie by Mopani. Belangstellendes kan met hom kontak.

18.3 Chris de Wet is besig om te reel vir die jag van trofee Waterbokke. Prys is onderhandelbaar afhangende van hoeveel bespreek word.

**19.Redaktrise / publikasies / pers:**

‘n Advertensie moet geplaas word om die kleiduif skietdag te adverteer.

**20.Uitvoerende vergadering:**

Sal met die volgende vergadering verder bespreek word.

**21.Algemeen:**

21.1 Die vereniging is genader om te adverteer op die elektroniese advertensie bord by die drie rigting kruising (Danie Joubert / Skirving Str) teen 'n eenmalige koste van R800. Geen maandelikse koste nie. Alle klub aktiwiteite kan dan daarop aangebring word. Word verwys na die dagbestuur vir oorweging.

21.2 Daar word versoek dat seker gemaak word dat die onderste hek te alle tye gesluit is. As dit gebruik word vir onderhoud werk, moet dit weer gesluit word.

21.3 Dawie van Vuuren stel voor dat 'n Proxima aangekoop word vir interne gebruik. Dit is tans beskikbaar teen R6000.

**22.Volgende vergadering:** 7 Junie 2007